**Maandag 12 Februarie**

| Skrifgedeelte: Hosea 6:1-3 (1933/53-vertaling) | Fokusgedeelte: Hosea 6:2 |
| --- | --- |

# Die liefde van die Here maak soms seer

Hosea het geprofeteer onder die noordelike ryk en op die oppervlak het dit nie sleg gegaan met die volk nie. Hulle het redelike voorspoed beleef, hulle was nie in oorloë met ander volke gewikkel nie.

Soos soveel keer in die verlede het die volk egter weer van die Here af weggedwaal. Hulle het ander gode gedien, hulle hoop op ander plekke en by mense gesoek, en selfs direk teen die gebooie van die Here opgetree.

Die sonde wat Hosea hier beskryf, is nie die persoonlike sonde nie: dis ’n samelewing, en in besonder die volk, of in vandag se taal die kerk, wat al hoe meer afdwaal, al hoe meer agter afgode aangaan, al hoe meer selfsugtig en wêrelds raak, terwyl hulle hulself vertel dat hulle die Here dien.

Daarom het die Here hulle seergemaak. Hy het hulle gestraf oor hulle sonde. Dit was egter ’n besondere straf. Hosea wys dit uit in vers 1. Keer terug na die Here, sê hy, want Hy sal weer gesondmaak, Hy sal die wonde weer verbind. Met ander woorde, die straf, die seermaak, was nie maar net omdat die Here kwaad was nie, maar sodat die volk na die Here sal terugkeer.

Die volle betekenis hiervan hoor ons egter in vers 2. Dit is ’n direkte verwysing na Jesus Christus wat uit die dood opstaan. Jesus Christus het nie net seergekry nie, Hy het vir ons sonde gesterf. Die liefde van die Here is só groot dat Hy Hom nie net seergemaak het nie, maar doodgemaak het, vir ons, sodat ons kan lewe.

Wanneer die Here ons dan in ons sonde seermaak, is dit sodat ons weer kan opkyk na Jesus Christus en die lewe wat ons alleen in Hom kan hê.

*Sing: Psalm 119-1:1*

*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*